

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/12)

Justin Chadwick (26 April 2012)

GESEGDE VAN DIE WEEK “Education is an admirable thing, but it is well to remember from time to time that nothing that is worth knowing can be taught” Oscar Wilde

PRODUSENTE MOET STEM OOR TOEKOMSTIGE BEFONDSING

Hierdie week is drie dokumente aan alle Suid-Afrikaanse produsente gestuur – ‘n dekbrieff oor ‘n aansoek van CGA om ‘n sitrusheffing vir die jare 2013 tot 2016 te administreer, ‘n inligtingstuk wat handel oor dit wat beplan word om te befonds en ‘n stembrieff wat voltooi en aan CGA teruggestuur moet word wat die ondersteuning vir die voorgestelde heffing aandui. Hierdie dokumente is in Engels en Afrikaans, en is aan ALLE sitrusprodusente gestuur. Dit is noodsaaklik dat ALLE produsente hierdie stembrieff voltooi – laat weet asseblief vir Robert Miller of John Edmonds (031 765 2514) as jy nie hierdie dokumente ontvang het nie.

Heffings wat onder die Bemarking van Landbouprodukte Wet (MAP) val, word gewoonlik vir ‘n periode van vier jaar gepubliseer. Die heffing wat tans deur CGA geadministreer word was vir die periode van 2008 tot 2012 – eindig op 31 Desember 2012. Produsente is deur ‘n omsendbrieff oor die beplande heffing vir 2013 tot 2016 ingelig wat aan alle produsente in Desember 2011 gestuur is, terwyl die onderwerp ook breedvoerig tydens produsente road shows in Februarie 2012 bespreek is. Die CGA Raad het hierdie terugvoering tydens hul vergadering in Maart 2012 bespreek – wat gelei het tot die voorstel wat nou aan produsente gestuur is.

Om ‘n ooreenkoms oor die finale voorlegging te bereik, het die CGA Raad beide die ondersteuning van verbeterde dienste en die vermoë van produsente om aan hierdie hoër kostes te voldoen, inaggeneem. ‘n Infaseringsaanslag vir die verbeterde dienste is voorgestel. Dit sal die voortsetting van dienste wat aan produsente in die verlede beskikbaar was verseker asook die nuwe dienste wat op die mededingendheid van suider-Afrika se sitrusbedryf gemik is. Die voorstel is dat die huidige heffing van 41 sent per 15 Kg karton verhoog word na 47 sent in 2013; 50 sent in 2014; 53 sent in 2015 en 56 sent in 2016.

Produsente moet asseblief hul stembriewe na 031 765 8029 faks.

Sou voldoende ondersteuning deur middel van die verkiesing verkry word, sal CGA ‘n aansoek deur die NLBK na die Minister van DAFF stuur.

Swaziland en Zimbabwe se produsente befonds hul dienste van die CGA deur ‘n vrywillige heffing. Sodra die uitslag van die heffingsverkiesing in Suid-Afrika bekend is, sal die CGA die toekoms van hierdie vrywillige heffings bespreek.

COOL LOGISTICS AFRIKA

Hierdie week het logistieke rolspelers van oraloor in die wêreld in Kaapstad ontmoet vir die heel eerste Cool Logistics Afrika konferensie – en almal was tevrede met die aanbiedinge, netwerkgeleenthede en die plek. Daar is ‘n paar punte wat deur die meeste van die aanbiedinge aangeraak is:

- ☺ Ons moet saamwerk – daar is nie plek vir geïsoleerde besluitneming tot eie voordeel nie; daar kan baie meer bereik word deur gesamentlike planne te maak en inligting en ondervinding te deel EN ons moet beweeg van konsensus na aksie.
- ☺ Die produk voorsien nie in genoeg verdienstes sodat die voorsienings/waarde ketting volhoubaar kan wees nie. Met 38 tot 40 diensverskaffers in die uitvoerketting is daar eenvoudig nie genoeg geld vir almal om ‘n wins te maak nie (met baie wat nie eens gelykspeel nie). Met groot verliese wat deur houer-rederye gerapporteer is (R6 biljoen in 2011 as ek dit nie mis het nie), en produsente wat aandui dat verdienstes nie die kostes dek nie; blyk dit dat daar twee beginsels is wat moet verander. Verbruikers sal moet beseft dat die dae van goedkoop voedsel verby is en klein handelaars sal moet beseft dat ‘n gewaarborgde 20 tot 30% opmerk van pryse nie volhoubaar is nie. Die gans wat die goue eier lê en die 40 diensverskaffers onderhou is op sy laaste bene. Sonder die produk is ALMAL uit besigheid uit.
- ☺ Afrikane is innoverend, “‘n boer maak ‘n plan”, wat ook al die uitdagings is wat vir ons voorlê, ons SAL ‘n oplossing vind en ons SAL dit maak werk. Daar is groot uitdagings in die logistieke veld, maar planne word gemaak en besigheid sal voortgaan.
- ☺ Mense in die vrugtebedryf het ‘n passie vir hul besigheid en dit dra die bedryf deur slegte tye – hierdie week is ek verstom deur die hoë vlak van kennis, kundigheid en passie wat deur diegene in diens van “fruit logistics” in Suid-Afrika getoon is. En daar blyk ‘n werklike belang te wees om te sien hoe hul besluite op die primêre produsent impakteer.
- ☺ Transnet is besig om R300 biljoen in die ontwikkeling van infrastruktuur oor die volgende sewe jaar te belê. Aanvanklike beleggings sal wees om huidige infrastrukturele vermoëns te verseker met toekomstige ontwikkelings wat daarop gemik is om met die ekonomiese groei by te hou. Goeie nuus vir die uitvoerbedrywe wat van hawens afhanklik is om top gehalte produkte aan die mark te lewer.
- ☺ Afrika is ‘n interessante plek – alhoewel daar geleenthede is om besigheid in Afrika te doen, is daar groot logistieke beperkinge MAAR dinge word gedoen om die situasie te verbeter.

DIE Hoof Uitvoerende Beampte, Transnet Nasionale Hawe-owerheid was die hoofspreker by die konferensie. Toe die vraag gevra is of daar enige kansen vir stakings in Mei/Junie 2012 is en die gepaartgaande risiko van ‘n 2010 debakel – het hy uitdruklik gesê dat hy waarborg dat daar nie enige probleme sal wees nie – goeie nuus inderdaad vir die vrageienaars wat verliese van R100 miljoen plus in 2010 gelei het.

AKTiwITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY WAT DEUR PRODUSENTE BEFONDS WORD VERSEKER ‘N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF